
# DIE SOETDORING

P.C. Zietsman

Die Soetdoring (Sweet-thorn) is wetenskaplik bekend as *Acacia karroo.* Die naam **Acacia** is afgelei van die Griekse woord **acantha** wat doring beteken en wat verwys na 'n eienskap wat al die inheemse *Acacia*-soorte besit. Thomas Baines het in 1864 in sy boek "Explorations in South West Africa" dié eienskap raak beskryf en doringbome op grond van hul dorings in drie klasse verdeel: "Class one, for tearing clothes, class two, for tearing flesh and class three — the largest — for tearing flesh and clothes both together".



Die spesienaam **karroo** dui geensins daarop dat die soetdorings slegs in die Karoo voorkom nie. Inteendeel, die boom kom bykans oral in Suid Afrika voor met die uitsondering van die gebied om die Kaapse Skiereiland en dele van die Noord-wes-Kaap. Die boom groei in 'n groot verskeidenheid van habitats en dit wil voorkom asof die enigste beperkende faktor intense koue en langdurige droogtes kan wees. Die bome kom in die droeër dele langs ondergrondse dreineringslyne voor en word beskou as 'n goeie aanduider van ondergrondse water.

Die Soetdoring word ongeveer 12 m hoog en dra in die somer donkergroen saamgestelde blare. Die goudgeel ronde blomme word dwarsdeur die somer gedra. Die swaar drag blomme met die kenmerkende soet reuk, baie stuifmeel en nektar bring mee dat die boom 'n baie bruikbare "byeboom" is. Die redelik kenmerkende wit dorings met effens donkerder punte kan tot 18 cm lank word maar word oor die algemeen nie baie langer as 7 cm nie. Die sekelvormige peule word vanaf Januarie gedra en is redelik dun en ongeveer 16 cm lank en 1 cm breed.

Die boom se groeivorm varieer geweldig na gelang van die streek waarin hy voorkom. Die meer tipiese vorm wat in die OVS en in die grootste gedeeltes van Transvaal en Natal voorkom het een of meer stamme wat 'n hele ent bo die grond eers vertak. Die bome het 'n geronde voorkoms en kan 5 tot 10 m hoog word. Die bas van die "tipiese" vorm is baie grof en donkerbruin tot pikswart van kleur.

Vanaf die vroegste tye in ons land se geskiedenis maak die mens al van die boom gebruik en kan hy daarom tereg as een van die belangrikste bome in ons land beskou word. In gebiede soos die Karoo en Hoëveld waar bome redelik skaars is, bied die Soetdoring waardevolle skuiling en skadu aan mens en dier. Vroeër is die bome gebruik vir die pak van takkrale. Die hout word steeds algemeen as goeie brandhout gebruik. Die bome is ook in die verlede gebruik vir die maak van meubels, wiele, jukke, hoekpale en plaasimplimente. Die bas is algemeen gebruik vir leerlooiery en gee 'n rooi kleur aan leer. Die boom het verskeie medisinale gebruike, soos byvoorbeeld 'n ekstrak wat van die bas gemaak word om beeste te doseer wat van die giftige bolplant, *Moraea,* geeët het.

Die soetdoring is 'n ideale boom vir die tuin, aangesien dit tot 3 m in die eerste jaar kan groei en uiteindelik 'n heerlike skaduboom in die somer vorm met 'n kroon van sowat 6 m. Verder sluit dit ook nie winterson uit nie, aangesien dit in die meeste gebiede bladwisselend is. Die bome is tot 'n groot mate ryp- en droogtebestand en is dus ideaal vir enige tuin in die Vrystaat. Die sade ontkiem maklik en vinnig indien dit vooraf in kookwater gegooi word of geskuur word totdat die saadhuid deurgeskuur is.

**BIBLIOGRAFIE**

DAVIDSON, L & JEPPE, B. 1981. *Acacias. A field guide to the Acacias of Southern Africa.* Johannesburg: Centaur.

CAOTES PALGRAVE, K. 1977. *Trees of Southern Africa.* Kaapstad: Struik.

PALMER, E. & PITMAN, N. 1973. *Trees of Southern Africa III.* Kaapstad: A.A. Balkema.